# WAT JY MOET WEET


## Shell se voorgestelde *Northen Cape Ultra Deep* (NCUD) olie- en gasverkenning

## ONTVANG OMGEWINGSMAGTIGING

## Appeleer voor 29 Julie 2025

## AREA VAN BELANG

**Die gebied strek van ongeveer 300 km van die kus af by Port Nolloth suid langs die weskus tot naby Strandfontein, ongeveer 5,254 km² in grootte. Die gebied is in waters van ongeveer 2,500 m tot 3,200 m diep.**




| ID | Latitude | Longitude |
|---|---|---|
| 1 | 30°17'10.6540" S | 14°00'00.0000" E |
| 2 | 31°40'30.0000" S | 14°00'00.0000" E |
| 3 | 31°40'30.0000" S | 13°47'10.0000" E |
| 4 | 31°26'14.5125" S | 13°47'10.0000" E |
| 5 | 31°26'14.5125" S | 13°37'30.0000" E |
| 6 | 31°12'20.5639" S | 13°37'28.6947" E |
| 7 | 31°12'20.5639" S | 13°32'25.0394" E |
| 8 | 30°49'50.2000" S | 13°24'16.6446" E |
| 9 | 30°39'39.1957" S | 13°21'00.0000" E |
| 10 | 30°33'45.5921" S | 13°33'51.0417" E |

Figuur 1: Liggingskaart van Lisensieblok NCUD langs die Suid-Afrikaanse Weskus. Bladsy 5 van die Basiese Omvangverslag, deur SLR, verkry hier: https://www.slrconsulting.com/afr/public-documents/shell-ncud/.

# Wat het gebeur?

Die Omgewingsmagtiging vir die NCUD-projek is deur die Departement van Minerale en Petroleumhulpbronne (**DMPH**) toegestaan. Dit beteken dat die regering toestemming gegee het aan Shell Offshore Upstream South Africa B.V. en sy gesamentlike ondernemingsvennote om te begin met booraktiwiteite. Hulle beplan om hierdie aktiwiteite in 2026 of 2027 te begin. Die Omgewings- en Sosiale Impakbepaling (**OIB**) neem aan dat twee verkenningsgate in die eerste jaar geboor sal word en drie in die tweede jaar.



# Die stappe om goedkeuring te verkry

Stap 1

**Verkenningsreg (VR):** Om 'n VR te verkry word daar by die DMR aansoek gedoen en verkry sodra 'n Omgewingsmagtiging toegestaan is.

Stap 2

**Omgewingsimpak- en Sosiale Bepaling (OIB):** Dit is 'n konsepnavorsingsverslag wat deur 'n Omgewingsevalueringspraktisyn (**OEP**) gedoen word. Dit poog om te bestudeer hoe die projek die omgewing en gemeenskappe kan beïnvloed. Die OEP vir hierdie OIB was SLR Consulting South Africa (Edms.) Bpk.

Stap 3

**Publieke kommentaar:** Alle geregistreerde Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (**B&GP'e**) kry die geleentheid om kommentaar te lewer op die konsep-OIB-verslag wat deur die EAP opgestel is.

In Desember 2024 het die OEP die konsep-OIB-verslag gepubliseer om gemeenskappe en ander belanghebbende en geaffekteerde persone in kennis te stel van wat hulle gevind het, insluitend risiko's, geleenthede, impakte en maniere om daardie impakte op die omgewing en gemeenskappe te verminder.

Stap 4

**Omgewingsmagtiging (OM):** Gebaseer op die finale OIB-verslag en aanbeveling deur die Petroleumagentskap Suid-Afrika (PASA), besluit die DMPH of Omgewingsmagtiging toegestaan of geweier word.

## GOEDGEKEUR:

Op 30 Junie 2025 het die DMPH die Omgewingsmagtiging goedgekeur. Dit beteken dat Shell toestemming het om te begin soek na olie en gas aan die Weskus van Suid-Afrika in die NCUD-blok. Die besluit is gemaak ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur. Sien die besluit hier: https://cdn.sanity.io/files/b0ecix6u/production/b6f9e552d470fba0acf4c72cb687b6b206cb7b4b.pdf

# Wat as ek nie tevrede is met hierdie besluit nie?

## *Jy het die reg om te appelleer*




Volgens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur kan enige belanghebbende en geaffekteerde persoon (**B&GP'e**) wat nie met die besluit wat deur die Departement geneem is saamstem nie, appelleer teen die besluit. Die appèl moet binne 20 dae vanaf die datum waarop die DMPH se besluit aan B&GP'e gekommunikeer is, by die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing (DBVO) ingedien word. (**20 dae vanaf die datum waarop dit gekommunikeer is (9 Julie) is 29 Julie 2025**).

## *Hoe werk dit?*



- Enige persoon wat deur die projek geaffekteer word of wat as 'n B&GP aan die OIB-proses deelgeneem het, kan appelleer;
- Jy moet as 'n B&GP geregistreer wees om 'n appèl in te dien. Jy kan as 'n B&GP registreer deur 'n e-pos te stuur na shell-NCUD@slrconsulting.com voordat jy jou appèl indien;
- Die appèl moet binne 20 dae vanaf 9 Julie 2025, toe die besluit aangekondig is, ingedien word;
- Appèlle moet ingedien word by die Direktoraat vir Appèlle en Regsoorsig by DBVO deur 'n e-pos te stuur na appeals@dffe.gov.za en na Shell se Appèlkoördineerder: SNU-NCUD@shell.com

## ONTHOU...

**Dit word nie aan die DMPH gestuur nie, appèlle gaan na die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewing as die appèlowerheid**

## *Wat om in die appèl in te sluit?*



- Volle name en kontakbesonderhede soos selfoonnommer, e-posadres, huisadres.
- Onderwerp, wat jy appelleer: 'Shell OM vir NCUD'.
- Lys die redes waarom en wat jy appelleer.
- Voeg enige dokumente, foto's of navorsingsfeite as bewyse by.
- Sluit af deur die appèlowerheid te vra om die besluit wat deur die DMPH geneem is, te herevalueer. As daar 'n goeie rede is, kan B&GP'e vir 'n verlenging of goedkeuring van 'n laat appèl indiening vra.
- Onthou om te teken en die datum by te voeg!

## *Hoe om jou appèl in te dien*

- Jou appèl moet op die appèl-templaat geplaas word en as 'n Word-dokument ingedien word. Jy kan die templaat hier vind: https://www.dffe.gov.za/sites/default/files/docs/forms/appeals_form.doc. Die appèl-templaat het slegs vyf rye, jy is welkom om meer rye by die templaat te voeg.
- As jy 'n kennisgewing ontvang het (óf 'n e-pos óf SMS van die OEP) dat Shell die omgewingsmagtiging ontvang het, moet jou e-pos hierdie frase insluit: "*Ek het kennisgewing van die besluit op (voeg datum in) ontvang, dus word hierdie appèl binne 20 dae ingedien. Aangeheg is 'n kopie van die kennisgewing en die omgewingsmagtiging. Ek het nie die fasiliteite om die appèl aan alle B&GP'e te stuur nie en versoek dat die OEP die appèl aan die B&GP-databasis stuur.*"
- As jy nie die kennisgewing ontvang het nie, moet jou e-pos hierdie frase insluit: "*Ek het nie kennisgewing ontvang nie maar het op (voeg datum in) van die besluit bewus geword, dus word hierdie appèl binne 20 dae ingedien. Ek het 'n kopie van die omgewingsmagtiging aangeheg. Ek het nie die fasiliteite om die appèl aan alle B&GP'e te stuur nie en versoek dat die EAP die appèl aan die B&GP-databasis stuur.*"
- Onthou, jy moet die omgewingsmagtiging aan jou e-pos heg.

## *Wat gebeur volgende?*

DBVO se appèlowerheid het 50 dae om oor die appèl te besluit

**JA: Appèl is suksesvol!**
As die appèlowerheid met die appèl saamstem, kan die OM gekanselleer word of verander word, of teruggestuur word vir verdere navorsing en openbare deelname.

**NEE: Appèl is nie suksesvol nie!**
As die appèlowerheid die appèl van die hand wys en met die oorspronklike besluit van die DMR saamstem, kan die besluit hof toe geneem word om die regter te vra om die appèlbesluit en die oorspronklike besluit te hersien.

Ingevolge Artikel 47(7) van NEMA sal 'n appèl die Omgewingsmagtiging outomaties stop (of opskort) totdat die appèl volledig afgehandel is. Dit beteken dat die projek moet stop, en Shell mag nie voortgaan met hul verkenningsaktiwiteite nie totdat die appèlowerheid die appèlle oorweeg en 'n finale besluit geneem het.

Die DFFE kan vir meer inligting oor die projek van Shell vra en 'n finale besluit oor die OM neem. Shell moet afskrifte van enige appèlle wat dit ontvang aan alle geregistreerde B&GP'e, sowel as relevante regeringsdepartemente, verskaf.

As jy 'n appèl indien, onthou dat die inligting wat jy insluit met ander persone in die proses gedeel sal word, soos deur die wet vereis.

## HET JY AL GEDINK AAN……

**Hoe die DMPH se besluit en Shell se aktiwiteite vis en ander seelewe en die lewensbestaan van gemeenskappe, soos vissermanne en dié wat in toerisme werk, kan beïnvloed? Hoe sal die kultuur en erfenis van Inheemse en plaaslike gemeenskappe geraak word? Sal die projek beïnvloed hoe toegang tot die see of strande verkry word?**

## Moontlik kommerwekkende impakte wat in die konsep-OIB geïdentifiseer is*

**Hierdie impakte is uitgelig in spesialisverslae wat deel vorm van die Konsep-OIB-verslag. Dit is 'n opsomming en dus word nie alle impakte beskryf nie.*

### Impak op vis en seelewe

Die projekelemente wat onderwater geraas sal veroorsaak, kan 'n gedragsreaksie by visse veroorsaak, en uiteindelik veranderinge in vangste. Afhangende van die ontvangde geluidsvlak, kan geraas vis beïnvloed deur direkte fisiese beserings aan gehoor of ander organe te veroorsaak, insluitend permanente of tydelike verskuiwings in gehoor, inmenging met ander biologies belangrike geluide (bv. kommunikasie, seine en geluide wat deur roofdiere of prooi geproduseer word), en steurings aan die ontvanger veroorsaak wat tot gedragsveranderinge lei, insluitend verplasing uit visvanggebiede, belangrike voedings- of broeigebiede.

Alhoewel booraktiwiteite in die afgeleë mariene omgewing uitgevoer sal word, 300 km vanaf die kus, kan daar steeds 'n direkte effek wees op migrerende pelagiese spesies (pelagiese seevoëls, mariene soogdiere en visse) wat deur die boorgebied beweeg. Sommige van die spesies wat moontlik in die boorgebied voorkom, word wêreldwyd beskou as '**Kritiek Bedreig**' (bv. leerskilpaaie en blouwalvisse), '**Bedreig**' (bv. *Black-Browed*- en *Atlantic Yellow-Nosed*-albatrosse en vinwalvisse), '**Kwesbaar**' (bv. *Loggerhead*-skilpaaie, groot withaai, kortvin *Mako* en sperm walvis) of '**Naby Bedreig**' (bv. blouhaai, langvin tuna en geelvin tuna).

In die geval van 'n olielekkasie sal daar 'n onmiddellike en direkte impak op watergehalte wees en nadelige impakte op mariene fauna. Hierdie kan wissel van dood (weens toksisiteit of versmoring) tot fisiologiese skade en langtermyn-impakte, insluitend ontwrigting van gedragsmeganismes, verminderde toleransie vir stres, en inkorporering van gifstowwe in die voedselketting. As die lekkasie die kus bereik, kan dit lei tot die versmoring van sensitiewe kus-habitatte.



## Impakte op lewensbestaan

Kleinskaalse visvanggemeenskappe is direk afhanklik van die see vir hul lewensbestaan. Navorsing toon dat lewensbestaan ook beïnvloed word deur kulturele waardes wat aan die natuur en plek geheg word. Sekondêre bestaansaktiwiteite, soos seekosrestaurante, hotelle aan die kus en entrepreneurs wat staatmaak op toerisme, is ook afhanklik van die see. Besoedeling wat uit bedrywighede voortspruit, kan die gesondheid van mariene spesies beïnvloed, en die beweging van vaartuie na die platform kan vissers se mobiliteit langs kuswaters beïnvloed.

Boorbedrywighede kan die mobiliteit van beide sleutelspesies aan die Weskus (snoek en stokvis) en hul prooi in die geraakte gebiede beïnvloed. In hierdie opsig word nie slegs die lewensbestaan as sodanig geraak nie, maar moontlik ook die kulturele verbintenisse wat mense met hierdie vorme van lewensbestaan het.

In die geval van ’n olielekasie sluit die impakte op vissery se lewensbestaan in: tydelike sluiting van visgronde vir opruiming en herstel, langdurige verskuiwing van visareas om besoedelingsimpakte te beperk, werksverliese en werkloosheid, asook verlore seekosmarkte en inkomste. Daarbenewens kan die verskuiwing van visbote uit die oliebesoedelde gebied visbedrywighede ontwrig, aangesien bote dalk na alternatiewe visgronde moet verhuis, wat hoër brandstofkoste en verminderde vangste tot gevolg kan hê.

## Impakte op kultuur en erfenis

Die see word beskryf as ‘lewende’ waters en speel volgens inheemse groepe ’n kritieke rol in geestelike en gesondheidsbestuur. Daar word geglo dat die see ’n lewende organisme is wat deel vorm van en bydra tot die instandhouding van ’n gebalanseerde wêreld-ekosisteem. Enige impak op hierdie ‘lewende’ waters kan dus kommunikasie met die voorvaders beïnvloed, wat vir ’n verskeidenheid van redes geraadpleeg word. Impak op die ‘lewende’ waters word ook beskou as ’n skending van die oseaan (aangesien die oseaan as lewend beskou word). Enige moontlik negatiewe impak vereis dus spesifieke versagting (kulturele maatreëls om toekomstige negatiewe gevolge in beide die natuurlike en kulturele wêreld te verminder). Verder kan aktiwiteite die seebodem versteur waar daar geglo word voorvaderlike geeste woon, en besoedelde water kan die gebruik van seewater vir gesondheids- of rituele praktyke beïnvloed. Die verslag bevind egter dat hierdie impakte beperk is.

# Bly ingelig en tree op

- Woon openbare vergaderings by oor ontwikkelings in jou area en deel jou bekommernisse.
- As die appèl nie suksesvol is nie, volg op deur **Shell** se aktiwiteite te monitor en enige omgewingsbekommernisse aan te meld.

Jy kan toegang verkry tot al Shell se projekdokumente deur 'n e-pos te stuur na shell-NCUD@slrconsulting.com of dit te verkry by www.slrconsulting.com/afr/public-documents/shell-ncud/. Deel hierdie inligting met jou bure en gemeenskap.

As jy meer inligting of hulp met die appèlproses nodig het, kontak:

**DFFE Appeals:**

**Tel:** 012 399 9000

**Epos:** appeals@dffe.gov.za.